Dag 12: Ondanks dit alles het sy toorn nie bedaar,
en bly hulle sy uitgestrekte hand ervaar.

Efraim en Samaria het op hulself vertrou:
Bakstene het geval, maar ons sal herbou.
Die HERE het vyande gaan vind
om Israel gulsig te kom verslind.

Ondanks dit alles het sy toorn nie bedaar,
en bly hulle sy uitgestrekte hand ervaar. (Jes 9:7-11)

Maar die volk het nie na Hom teruggekeer.
Die HERE het almal wat hulle so respekteer
Kop en stert afgekap op een dag.
Nie eers weduwees kon ontferming verwag.

Ondanks dit alles het sy toorn nie bedaar,
en bly hulle sy uitgestrekte hand ervaar. (Jes 9:12-16)

Ja, goddeloosheid brand soos vuur,
van die gramskap van die HERE in die uur,
‘n Broer wat sy eie broer se vleis vreet,

maar hulle bly honger al bly hulle eet.

Ondanks dit alles het sy toorn nie bedaar,
en bly hulle sy uitgestrekte hand ervaar. (Jes 9:17-20)

Wee hulle wat my volk vir hul laat afsloof,
wat weduwees uitbuit en vaderloses beroof.
Hulle sal as gevangenes die rug buig
en tussen gesneuweldes na asem hyg.

Ondanks dit alles het sy toorn nie bedaar,
en bly hulle sy uitgestrekte hand ervaar. (Jes 10:1-4)

Wee Assirië, die stok van My straf!
Sy opdrag kom van My af,
maar hy het dit nie so bedink:
Ek doen dit uit eie krag het hy gedink. (Jes 10:5-7)

My hand het nuttelose afgode bekom
en hulle is sterker as wat van Jerusalem kom.
Met die krag van my hand het ek opgetree
Met my wysheid alles voor my weggevee. (Jes 10:8-14)

Kan ‘n byl spog teen die een wat hom gebruik?
Die HERE sal Assirië soos rook laat ruik.
Die Lig van Israel sal brand soos ‘n vuur
Hulle sal die Heilige se vlam moet verduur… (Jes 9:15-19)